

RESENSIES/REVIEWS

JANSEN VAN RENSBURG, N.S. *et al.* 1989. *Kommentaar op "Kerk en Samelewing"*. Potchefstroom : PU vir CHO/IRS. 115 p. Prys R7,50.

Hierdie *Kommentaar* bestaan uit 'n tiental artikels oor die Getuienis van die Nederduits Gereformeerde Kerk van 1986 getitel *Kerk en Samelewing* (vervolgens afgekort as KES).

N.S. Jansen van Rensburg (1-7) besin oor die begripshantering van *volk*, *bevolking* en *ras* en konkludeer dat hierdie begrippe in KES "onversigtig" en "onpresies" hanteer word.

A. König (8-17) voer aan dat in KES twee opponerende kerkgrippe met mekaar meeding, enersyds 'n Bybelse kerkgrip en andersyds 'n ou vreemde (volks-) kerkgrip.

W. Nicol (18-28) skryf oor kerk en owerheid en toon aan dat daar in Suid-Afrika 'n te noue verband tussen beide bestaan, sodat ons 'n teologie kry wat (onbewustelik!) te veel deur die konteks beïnvloed word. Hy vergelyk ook telkens KES met die teologiese sienings van J.A. Heyns.

J. Kinghorn (29-34) vergelyk die sendingbeleid van die Nederduits Gereformeerde Kerk, en in besonder *Ras, Volk en Nasie*, met KES. Hy wys op opvallende verskille en verstellings, maar bevind dat beide dokumente nog te veel spore van 'n "natuurlike teologie" vertoon. Skerp kritiek word ook teen die veelbesproke paragrawe 304-308 uitgespreek wat nie apartheid as sodanig nie, maar "die hantering van apartheid" van die hand wys.

J.N. Horn (44-55) het ondersoek ingestel na die politieke modelle in KES. Hy oordeel dat daar enersyds sprake kan wees van 'n "radikale breuk" (49), 'n "radikale koersverandering" en 'n "afskied van apartheid" (52), maar dat KES andersyds tog weer terugval in die onhoudbare apartheidsmodel (vgl. paragraaf 306 oor die "hantering" van apartheid). Al het KES op "meer as net kosmetiese wyse" van die apartheidsmodel afskied geneem, is die finale resultaat tog "teleurstellend" (54).

J.H. Smit (56-75), filosoof van Bloemfontein, het gekyk na die hantering van geregtigheid en menseregte in KES. Hy het tewens méér gedoen deur ook ('n kritiese) ondersoek in te stel na die beskouings van W.D. Jonker, D.A. du Toit, en die GES oor menseregte. Ook hy bevind dat KES "uit twee monde praat", sodat soms 'n *status quo* en soms 'n *semper reformanda*-teologie aan die woord is.

N.M. Kritzinger (76-83) handel oor die Skrifbeskouing en Skrifgebruik in KES. Volgens hom kan KES korrek verstaan word slegs binne 'n engere en breëre (ideologiese) verwysingsraamwerk. KES maak wel groot erns met die Skrifgegewens, maar veels te min van die konkrete situasie waarop daardie gegewens van toepassing

moet wees, met die gevolg dat die "Skrif deur die praktyk gedomineer word". Sodoende is "geen konstruktiewe bydrae gemaak nie".

S.S. Maimela (84-94) vra na die konteks waarvoor KES 'n oplossing wil bied. 'n Juiste analise van die siekte van ons situasie bepaal immers die korrekte voorskrif vir die medisyne. Alle teologie is tog kontekstuele teologie. Maimela vergelyk die perspektiewe van KES, die Kairos-dokument en die "Evangelical Witness in South Africa" met mekaar en bevind totaal uiteenlopende persepsies, omdat sommige die Suid-Afrikaanse situasie van bo-af en ander van onder-af bekyk. KES kies party vir die onderdrukkers en faal dus omdat dit nie daarin slaag om "een van die wreedste en onmenslikste politieke sisteme uit die geskiedenis van die mensheid" te ontmasker nie. Sodoende bevat KES 'n "verontrustende boodskap".

W.A. Boesak (95-99) lewer algemene kommentaar vanuit die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk. Volgens hom bevat KES slegs "aksentverskille" in vergelyking met *Ras, Volk en Nasie*. KES is 'n "gemodifiseerde stroombelynde en gekamoeffleerde weergawe van dieselfde ou apartheidswaardes". Die denkstruktuur is nog dié van apartheid.

P. Rossouw (100-115) beskryf die status, ontvangs en resultate van KES. Hy ontleed onder andere die reaksies van verontruste lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk, van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk en van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika. Klaarblyklik koester hy hoë verwagtings van hierdie "grondige beleidsdokument" (115).

Om saam te vat: daar word deurgaans vier fundamentele kritiekpunte teen KES uitgespreek. Eerstens bevat die dokument 'n dubbele wetenskapsmetodiek: die teorie word goed ontwikkel, maar die praktyk bly in die slag. Tweedens bevat dit 'n dubbele apartheidbeskouing: dit impliseer naas slegte apartheid ook goeie apartheid, terwyl in Suid-Afrika apartheid per definie "sleg" is. Derdens bevat dit 'n dubbele kerkbeskouing: naas 'n Godskerkbegrip figureer daar ook 'n volkskerkbegrip. As daar enersyds gesê word dat daar geen deurslaggewende rede bestaan waarom die drie Afrikaanse kerke nie tot sigbare eenheid kan kom nie, maar andersyds gestel word dat dit nog onduidelik is hoe die NG Kerk-familie hulle eenheid duideliker tot uitdrukking kan bring, dan is die afleiding gewettig dat die Afrikaanse kerke, omdat hulle *Afrikaanse* kerke is, tog nader aan mekaar staan as die familie van NG Kerke. Vierdens bevat dit 'n dubbele openbaringsbegrip: naas die Skrif word ook 'n swaar aksent gelê op die volk en die praktyk.

Die Instituut vir Reformatoriese Studies aan die PU vir CHO het, deur die uitgee van hierdie artikels, 'n belangrike bydrae gelewer nie alleen tot die besinning rondom KES nie, maar ook tot die nadenke oor die totale problematiek van hierdie geknelde land.

J.H. van Wyk

-
- DU BRUYN, J.T. 1989. "Die aanvangsjare van die Christelike Sending onder die Tlhaping, 1800-1825" en
MEYER, J.W. 1989. "Dr. H.J. Coster, 1865-1899" (*In Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*,
Twee en vyftigste Jaargang, Deel II. Pretoria : Die Staatsdrukker). 242 p. Prys R6.03.

Die studie van Du Bruyn is 'n baie interessante en deeglik gedokumenteerde verslag van die eerste 26 jaar se sendingwerk onder die Batswana. Saam met Elsa Joubert se biografie *Missionaris* (A.A. van der Lingen se werk oorspan deels dieselfde tydperk en werksveld) en Hedwig en Johan Lombard se biografie van J.F.A. Böhm in Suidwes, is hierdie 'n belangrike bydrae tot ons kennis van daardie pionierstydperk van die sending in suidelike Afrika. Wat 'n mens veral opval, is die totale afwysing van die evangelie in daardie eerste tydperk; net een persoon, 'n blinde meisie, in 'n kwarteeu gedoop! Ook werp dit interessante sydelingse inligting op die ontwrigting wat die Difaqane-oorloë in die binneland van Suid-Afrika veroorsaak het.

Die skrywer behandel die stof suiwer histories eerder as teologies-missologies. Waar hy hom 'n enkele keer wel op missiologiese terrein waag, blyk 'n sterk simpatie vir "aanpassing by die tradisionele godsdiens van die Tswana" - waarskynlik een van die redes waarom hy Moffat so negatief beoordeel. 'n Mens vra jou af wat op die ou end van die kerk onder die Batswana tereg sou gekom het as die voorgestelde akkommodasiebeleid inderdaad toegepas was; of wie van ons bereid sou wees om elke dag, van smôrens vroeg tot donker, sy huis vol ongewaste Batlhaping te laat sit, soos Moffat hom moes laat welgeval.

Vir die groot hoeveelheid waardevolle inligting wat hier bymekaar gebring is, kan die publikasie van harte aanbeveel word.

Meijer se studie oor Herman Coster, 'n Afrikaner-Hollander uit die laaste jare voor die Tweede Vryheidsoorlog, is eweneens 'n deeglike historiese studie. Coster was staatsprokureur in die tyd toe die Jameson-invallers en die "Reformer"-rebelle verhoor moes word, en was later in 1899 een van die heel eerste gesneuweldes in die oorlog, toe hy na 'n dapper vertoning by die slag van Elandslaagte omgekom het. Die skrywer toon aan dat Coster se optrede deurgaans herlei kan word tot die konsekwente nastreef van sy ideaal, naamlik 'n grootse toekoms vir 'n Nederlands-Afrikaanse kultuuralliansie. Die skrywer staan baie simpatiek teenoor Coster, wat inderdaad 'n besonder simpatieke persoonlikheid moes gehad het. Hy was een van die Hollanders wat ewe goed met Afrikaners as met sy stamgenote oor die weg kon kom.

Resensies

Die volume is tegnies goed versorg, stewig gebind, en daar is baie min tipografiese foute. Ek het net twee raakgelees: naamlik op p. 92 en 95. Teen R6,03 is dit 'n winskopie, en die register van vorige publikasies van *Die Argiefjaarboek* (almal teen dieselfde billike prys) is die moeite werd om deur te lees.

Koos van Rooy

VAN DER WALT, B.J. 1988. *On being human and being a Christian in Africa: Communalism, Socialism and Communism in a struggle for an African Anthropology*. Potchefstroom : PU vir CHE/IRS. 64 p.

The contents of this book is an adaption of a paper the author, prof. B.J. van der Walt, presented in August 1986 at the international symposium "On Being Human: Anthropology in Christian Perspective", in commemoration of the 50th anniversary of the *Vereniging voor Calvinistiese Wijsbegeerte* in the Netherlands.

The author traces developments on the African continent, starting with traditional communalism, through the tendency towards African socialism, to more radical Marxist tendencies in some countries.

He argues that prior to the transfer of Western dualism to Africa, the Western dualism which saw division between the religious and wordly, sacred and secular, the supernatural and the natural, the traditional African society had an encompassing view or philosophy of life. Religion found expression in life in its totality, the idea of man-in-community was a reality.

The author contrasts the African and Western view of man thus: "According to the Westerner man is born; but according to the African man *is not man, he becomes* man through a gradual process of integration in society. In the West man is defined especially as an individual; in Africa man is seen from the perspective of the community. Western thought moves from various individuals to a view of society; the direction of the traditional Black man's thought is precisely the opposite: society is the point of departure." (p.8.) He laments that for many Westerners material things have become more important than people, whilst the African values and respects people, especially older people. He reminds his readers that traditional African culture has a wealth of knowledge and wisdom which must be tapped. Early Christian missionaries missed a lot by regarding everything in African culture as wrong, whilst holding up the missionaries' lifestyle and worldview as a model worth adopting.

The author is aware that not everything in a culture (not even African culture) is right. He identifies the following weakness in African culture: "Community constraint can at times be enormously strong. And because the individual has to wait upon seniority

before taking any initiative - in contrast to the West, where the individual usually stimulates the community - and the community usually comes into motion more slowly when it comes to change, it can often mean great frustration for the progressive individual. The individual is also limited to a specific place in the social hierarchy. If he moves out of this hierarchy, he breaks the social balance." (p.12.)

In his discussion of African socialism the author mentions that this ideology is the product of many African thinkers. He focuses mainly on Zambian humanist socialism, tracing its early origins, who its proponents were, and the various phases of its implementation. However, in spite of so much rhetoric, "if one visits Zambia today it would seem as if rhetoric has not influenced reality all that strongly, and as if the Humanist flame is not burning all that brightly any more."(24).

Under the topic "African Communism", the author discusses at length one of the books by Canaan S. Banana, a former president of Zimbabwe, who is also an ordained minister of the church. He criticizes Banana's *The Theology of Promise: the Dynamics of Self-Reliance* (1982). He looks at Banana's new vision of man and of God and the latter's assertion that, "Christianity is realised only in the revolution. This means that Christianity is essentially, revolutionary struggle ... Christianity, seen in this perspective, has nothing to do with man waiting to see what God will do for him, rather Christianity would be more the expectations of God, waiting to see what man can do for him" (Banana, 1982:106).

Van der Walt warns that the greatest danger of Banana's book is not that it propagates Marxist-Leninism - on the contrary, its seductive aspect is that it will mislead many people who do not know the Bible and therefore cannot see that Communism is being disseminated under the guise of Christianity.

In a brief discussion of the South African situation the author notes that, "most people in the RSA are convinced that change is necessary, the question, however, is how, according to what model, and in what direction?" (p.35). Some black and white Christians have chosen the revolutionary path for change because pietistic Christianity has resulted in a compartmentalized and dualistic view of spirituality - the *spiritual* has nothing to do with *secular* things (including politics). The author observes that the dilemma of many Christians in Africa is that the type of Christianity they adhere to does not offer them an encompassing vision of life. Marxism does at least offer them an encompassing vision of life. Marxism does at least offer them a politico-economic, though not Christian vision.

In his concluding remarks the author emphasizes the fact that modern society is sick and mortally ill, because man has forgotten his divine calling and responsibility. In the

light of Scripture, he proposes a pluralist societal model which presents a biblical-reformational vision of life.

This book is an attempt to stir up a radically Christian response to the web of deception which seem to engulf African Christians in their struggle towards being human and Christian on a continent that is bleeding. I recommend it to every Christian who is prepared to pray, critically reflect with others on the issues and then to be willing to be involved through word and deed, in reconciling alienated man with his Creator

Emmanuel S.A. Ayee

VAN DER MERWE, D.C.S. 1989. 'n Watermodel vir die Kosmologie. Noordbrug : Khomas.

Professor van der Merwe het in sy werk 'n *Watermodel vir die Kosmologie of God se twee boeke*, 'n selfstandige standpunt ingeneem ten opsigte van die skeppingsgebeure volgens Genesis 1-3. Aangaande hierdie standpunt meld die skrywer (p. 2) dat hy van geen kommentaar of verklaring die afgelope 51 jaar, sedert 1939, bewus is wat sy standpunt ondersteun nie. Hy merk in dié verband op: "... maar ook nie een kon my oortuig dat ek verkeerd is nie" (p.2). Dit wil dan voorkom asof prof. Van der Merwe 'n eie kommentaar of verklaring aangaande die skeppingsverhaal volgens Genesis 1-3 daar wil stel.

Hierdie aanbieding wat deur middel van 'n multi-dissiplinêre benadering plaasvind, is in die besonder tot natuurwetenskaplikes gerig (p.2). Alhoewel natuurwetenskaplikes aangespreek word, vestig prof. Van der Merwe die aandag daarop dat hy "maar net 1929 matriekwiskunde" het (p. 46). Na aanleiding van voorgenoemde erken die skrywer dat hy nie die wiskunde van Sewjathan kan beoordeel nie. Die feit dat erken word (p. 46) dat die afleidings wat gemaak word aan korreksie onderhewig is, verswak sy argument noodgedwonge.

Die volgorde waarvolgens skrywer die probleem in die inhoudsopgawe uiteensit, dui op 'n sistematiese beredenering. Hy beweeg in sy denke tussen Skrifuur en natuur (hfst. 1) en die vraag of daar by Einstein verbygesteek moet en kan word (hfst. 8). Binne die raamwerk van hierdie denke moet die skepping noodwendig vanuit verskillende oogpunte benader word. Na aanleiding van die verskillende wetenskaplike dissiplines wat aangespreek is, kan daarmee saamgestem word dat eenheid, verskeidenheid en veelheid (par. 3.2) in die Bybel na vore tree.

Paragraaf 5.2 wat handel oor die vraag "vir wie" Genesis 1-3 geskryf is, kan as 'n kern van die werk beskou word. Die skrywer wys daarop dat die Bybel ook vir die heden-

daagse mens (p.15) geskryf is. Die aandag word daarna bepaal by die "onveranderlike waarhede wat God openbaar" (p. 15) om dan tot die gevolgtrekking te kom dat hierdie waarhede nie tydloos is nie, maar wel geldig in die tyd is (p.16). Laasgenoemde is wel waar, maar het geen betrekking op die vraag wat in die opskrif gestel is nie. Indien daar in hierdie paragraaf 'n antwoord verstrekk kon gewees het of die Bybel ook vir natuurwetenskaplikes geskryf is, sou die vraag van die opskrif beantwoord gewees het. Op grond van so 'n antwoord sou natuurwetenskaplikes deur die feite wat genoem word sterker deur die werk wat vir hulle bedoel is, aangespreek gewees het.

Professor Van der Merwe slaag daarin om argumente op so 'n wyse aan te bied dat hy die outeurs na wie hy verwys of aanhaal, namens hom laat redeneer. Aan die hand van hierdie werkwysse bereik die werk in hoofstuk 7 die uiteindelijke doelstelling om 'n "watermodel vir die Kosmologie" in oënskou te neem. Die standpunt aangaande "eenheid in veelheid" ingeneem (pa. 3.2), is langs die weg van inleidende redenasies na paragraaf 7 deurgetrek, waar genoemde standpunt kousaal toegepas is. Daarom word die "egalige evolusionisme" afgewys ten gunste van 'n *eenheid-met-verskeidenheid* of *eenheid-in-verskeidenheid* wat met die *eenheid-in-verskeidenheid* van die Drie-eenheid in verband gebring is (p.37). Voorgenoemde stel die skrywer in staat om die enersheid van die uniformistiese strewes, as in stryd met die leer van die Bybel dat volkome eenheid sonder enersheid bereik kan word, aan te toon.

Die bespreking van "'n watermodel vir die Kosmologie" in paragraaf 7 is die knooppunt van redenasies wat in voorafgaande gedeeltes in perspektief gestel is. In paragraaf 8 word hierdie argumente deurgetrek om die vraag te beantwoord of daar by Einstein verbygesteek kan word (p.42-47). Op 'n versigtige wyse word per implikasie na Einstein as 'n "pous" verwys (p.42). Aan die hand van hierdie implisiete verwysing is dit vir die leser duidelik dat prof. Van der Merwe as 'n oortuigde Calvinis wél by Einstein verby gaan steek. Hy slaag in sy doelstelling deur weer eens verskillende wetenskaplikes en dan veral Davies (p. 43-45) aan die woord te stel. Laasgenoemde word gedoen ter staving van die argument (p.42) dat Einstein se "geniale denkprestasie" nie die "finale triomf" van die menslike denkvermoë verteenwoordig nie.

In die voorafgaande gedeelte het prof. Van der Merwe natuurwetenskaplikes finaal aangespreek deur hulle daarop te wys dat "pouse wie se uitsprake" in die natuurwetenskappe "met onbetwisbare gesag bekleed word", slegs in 'n beperkte mate "geldig in die tyd is" (p.16). Laasgenoemde staan in teenstelling tot die waarhede van die Bybel wat "geldig in die tyd vanaf skepping tot voleinding, deur die eeue heen, dus ewig, eeuig, soos deur God geopenbaar" is.

Hierdie werk is nie vir lesers bedoel wat nie oor die nodige agtergrondskennis beskik om te kan waardeer en deurgrond nie. By die bestudering van die werk kom 'n lastige

aantal druk- en tikfoute voor wat die aandagtige leser hinder. Die volgende het onder meer as hinderlik na vore getree:

- p.19, paragraaf 6.2, 8e reël van bo: "naders", dit moet lees "anders". Na heelwat oorlees, was dit duidelik dat "naders" met "anders" vervang moet word.
- 2e paragraaf, 6e reël: "(protone nn neutrone)", laat enigsins wonder of "nn" 'n simbool is waarvan die betekenis nageslaan moet word om die juiste betekenis van die stelling te kan deurgrond. Navraag het aan die lig gebring dat "nn" eintlik "en" moet lees.
- p. 43, 5e reël lees " ... Einstein die opgelê het *noodwendig oorskrei moet word.*" Tussen "die" en "opgelê" ontbreek 'n woord. Na heelwat oorweging het belyk dat "makrokosmos" weggelaat is.

Dit sou miskien goed wees om aangetoonde en ander minder hinderlike oneffenhede in die tegniese versorging van die werk reg te stel.

Om die skepping vanuit 'n watermodel te bestudeer, was 'n prikkelende ervaring. Predikante kan hierdie werk met vrug bestudeer indien hulle die skepping en die onderhouding daarvan vanuit 'n nuwe gesigshoek wens te benader.

C.B. Borst

FOWLER, S. 1988. *The church and the renewal of society*. Potchefstroom : PU vir CHO. F2, Nr. 43. 108 p.

Die publikasie handel oor onderwerpe soos: die kerk in die wêreld vandag, die gemeenskap van die Woord, die kerk in die samelewing en 'n nuwe benadering tot 'n Bybelse begrip van egskeiding. In hierdie publikasie word referate wat oor 'n tydperk van 12 jaar gelewer is, gebundel - elke hoofstuk staan dus op homself. Die onderwerpe word egter saamgebind omdat die onderwerpe vanuit die Bybel openbaringhistories en ook eksegeties behandel word en *kerk* as 'n ware gemeenskap van gelowiges geïnterpreteer word.

In die eerste hoofstuk neem Fowler tereg eenheid in Christus, lokaal en ekumenies, as vertrekpunt en nie as iets om te verwerklik nie (p1). Die kerk is 'n gemeenskap van mense (p. 6 e.v.) wat die lewe in al sy fasette moet deel. Die gelowiges as kerk moet dus nie net kulties nie, maar teologies, moreel, juridies, polities, ekonomies ensovoorts 'n eie identiteit uitleef (p.9). Gesag kom van God en wie dit misbruik, verbeur die reg daartoe (p.11). *Kerk* word verkeerdelik met 'n aanbiddingsgemeenskap geïdentifiseer (p.13). Fowler bepleit die beplanning van liturgiese verandering wat in groter mate aanbidding volgens die beginsels van respons, gemeenskap, eerbied en vreugde insluit

(19 e.v.). Die komponente van die liturgie sluit die volgende in: ontmoeting, respons in gebed, danksegging, lofprys en antisipatie (p. 24 e.v.).

In die tweede hoofstuk (29-40) is daar 'n dualisme tussen 'n statiese "kerkinstituut" of organisasie (13, 29 e.v., 35 e.v.) en die kerk as mense wat "life-encompassing" met die werklikheid te doen het (38,64), en dus individueel en in groepe saam die samelewing soos suurdeeg moet binnedring (38, 59 e.v., 69) en nie met 'n kultiese organisasie geïdentifiseer mag word nie (61).

Die derde hoofstuk (41-74) wil tereg hierdie dinamiese kerk as Christene (dissipels, 46) met die Woord wat op die toekoms gerig is (66) laat werk (43 e.v.). In die wêreld waar sonde verwoes, kan Christene selfs invloed uitoefen deur hul reaksie op byvoorbeeld onregverdige salarisstrukture. Gevolglik wys Fowler op die taak om die Woord wat eenheid stig (49, 58, 71) te laat bedien, terwyl hy waarsku stig teen moderne minder gedissiplineerde "structures - conventions, conference, Bible study groups, fellowship groups - for instruction in faith" (67), of as alternatief dat suiwer institusionele kerklike instansies alle antwoorde op die sosiale terrein wil gee (68). As sodanig stel die boek 'n taak vir elke Christelike wetenskaplike (69) (in ooreenstemming met die missie van die PU vir CHO).

Die vierde hoofstuk wat handel oor geestesgawes ontleed die kontinuïteit tussen Ou Testament en Nuwe Testament. Fowler onderskei tussen "groter gawes" wat voortduur en "sign gifts" of sensasionele gawes wat tot die apostoliese tyd beperk was (85).

Die laaste hoofstuk oor egskeiding (88-106) ontleed die Bybelse gegewens en aanvaar egskeiding as 'n sondige moontlikheid. Die beginsel van die huwelik as lewenslange trouverbintenis mag nie verswak word nie, al word dit in die praktyk verbreek wanneer een party ontrou word (101). Tog kan die "kerk" nie mense in 'n huwelik probeer hou as die huwelik nie meer innerlik bestaan nie (103).

Fowler skryf pakkend vanuit 'n reformatoriese lewensbeskouing. Wat hy wil sê, word soms verdof deur baie sinne met negatiewe stellings - 'n mens mis die Gees by die Woord (vgl. Calvyn). Mens sou ook graag by die gesonde en sterk lewensbeskoulike aanpak duideliker konkretisering vir die praktyk verlang. Fowler beklemtoon tereg weer die roeping van die Christen-individu as "kerk", maar is tog sterk in die sosiale veranker (vgl. 36 e.v., 40, 54 e.v.). Ook werk hy miskien nog net te veel met Kuyper se begrip van die kerk as instituut (13) en die kerk as organisme (38 e.v., 56). Fowler aanvaar moontlik te maklik dat wanneer die Bybel hanteer word (38), daar eenheid in Christelike aksie sal wees. As 'n mens net oplet hoe alle kerke voorgee om die Bybel te gebruik en hoe ver die huidige kerkbegrip van die Bybelse *ekklesia* af is (60 e.v.), is dit duidelik dat die Bybel nie so maklik praktiese eenheid waarborg nie. Hierdie

boekie bied egter uitnemende en maklik verstaanbare leesstof wat elke individuele Christen in die gemeenskap aanspreek oor sy roeping vandag. Die publikasie is netjies versorg en in sagte band gebind. Die prys is nie vermeld nie.

B. Spoelstra

VOS, CAS & MÜLLER, JULIAN. 1989. *Geboorte en kindwees*. Pretoria : Orion-Uitgewers.

In die reeks, *God, mens en wêreld* is hierdie bundel saamgestel en daar is van 'n hele aantal medewerkers gebruik gemaak.

Die bundel bevat twee afdelings waarvan die eerste, "Preekontwerpe", wat tien sodanige onderwerpe bevat, die omvattendste is. Elke predikant betrek die kind op een of ander wyse en dui aan hoe 'n preek oor die onderwerp gehou kan word. Meestal word 'n hermeneutiese verkenning gegee, gevolg deur ander afdelings soos teologiese vraagstukke, homiletiese riglyne en liturgiese wenke. Hierdie afdelings, ook verder in onderafdelings verdeel, maak so 'n ontwerp baie hanteerbaar. 'n Prediker kan verander of byvoeg, maar die stof is deur elke ontwerp reeds so deeglik verken dat dit sy voorbereiding grootliks sal vergemaklik. 'n Bronnelys wat na elke bespreking gegee word, is waardevol en kan tersaaklike inligting verder aanvul, of verdere lig op 'n onderwerp verskaf.

Die tweede afdeling bestaan uit "Ander perspektiewe". Hier word die maatskaplike, een sielkundige, een regs-etiese en een medies-etiese saak aangesny wat met kinders te make het. Onderafdelings, soms tabelle of 'n puntsgewyse aanbieding maak elke ontwerp hanteerbaar. Dit gee tog 'n oorsigtelike indruk en 'n mens wonder of hierdie gedeelte nie in 'n volledige aparte publikasie in veel groter diepte bespreek moes gewees het nie. In die meeste gevalle word hier ook bronne aangedui. In die geheel gesien, word deur hierdie bundel 'n bruikbare bydrae gelewer in die reeks wat wyd en sydeling en met verantwoordelikheid handel oor baie aspekte van menswees.

Elsabe Steenberg

BREMMER, R.H. 1988. *Herman Bavinck 1854-1921*. Portret van reformatoriese denke in Nederland. Potchefstroom : IRS. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks. F2. No. 45.) 31 bl.

Dr. Bremmer het al etlike werke oor Bavinck gepubliseer. Sy doktorsale proefskrif het immers gehandel oor *Bavinck als dogmaticus*. Niemand sou so uitnemend as Bremmer kon slaag om so 'n bondige, dog geslaagde beeld van hierdie veelsydige teoloog te gee nie. Dat Bavinck 'n reus was onder reformatoriese denkers blyk uit die talle studies wat oor sy wetenskaplike bydraes verskyn het. Verskeie doktorsale proefskrifte het oor Bavinck gehandel: oor sy opvoedkunde (J.F.E. Havinga) en oor sy wysbegeerte (S.P.

van der Walt). Dit is inderdaad 'n mooi gedagte van die Instituut vir Reformatoriese Studie om aan Bavinck 'n plek te gee in die galery van reformatoriese denkers.

Bremmer slaag daarin om die lig te laat val op Bavinck as persoon, sy studentetyd, sy predikantstyd, professorale arbeid en sy optrede in die kerklike raamwerk. Komende uit die kring van Afskeiding (1834) was sy eintlike tuiste by die teologiese skool in Kampen. Hier was hy omring deur waarderende predikante, kollegas en studente en hier lê hy die grondslag van sy meesterwerk *Gereformeerde Dogmatiek*. Tog het sy belangstelling op verskillende vakgebiede geblyk. As hy maar rustig kon voortwerk, sou hy dit seker verkies het. Daar kom egter stryd binne die kerklike geleedere, en nadat hy driekeer na Amsterdam beroep is as professor, neem hy die derde beroep aan. Na veel stryd en nie sonder bitterheid nie, neem hy afskeid van Kampen met 'n rede wat hy in drie punte saamvat: wat ek ontvang het, wat ek verloor het, wat ek behou het.

Bremmer sonder 'n enkele snit uit Bavinck se dogmatiese werk uit, naamlik sy Skrifleer. Ook hier is slegs enkele flitse om te benadruk dat ons met 'n Woordteoloog te doen het. Bavinck ken die Skrif as Gods Woord, maar die fyn onderskeidings is treffend en laat ons by al die waardering vir A. Kuyper, tog duidelike verskille ook sien. So sê hy byvoorbeeld: "Nie die Skrif is geïnspireerd nie, maar die Heilige Gees inspireer die skrywers". Spreekende oor die inspirasie, gebruik hy Theopneustie en gee self die betekenis "deur God geadem". Dit is hier nie die plek om die betekenisvolheid van hierdie fyn onderskeidings te beklemtoon nie en tog is dit sinvol om die teologiese skip veilig in die stormwaters van veral die etiese teologie te lei.

Dit was louter genot om hierdie werkie te lees en weer eens in te leef in die gedagte-wêreld van 'n teoloog wat besef het dat hy nie die finale woord in 'n sisteem gespreek het nie, maar ruimte laat vir voortgesette reformatoriese studie.

S.P. van der Walt